LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Omsendbrief 7/2020

5 Maart 2020

Geagte Ouers

Hierdie brief word geborg deur



Ons kwartaal staan einde se kant toe en ons Lardies is goed op dreef op die Sport, Kultuur en Akademiese gebied. Baie sterkte vir die laaste 2 weke!

Graag bring ons die volgende sake onder u aandag!

1. GRONDSLAGFASE

Jaarliks word Willie en die Wenspan genooi om by ons mooi blou skool te kom kuier. Die leerders in die Grondslagfase neem met ywer deel en sing graag al die ou bekende liedjies saam terwyl oom Willie op sy kitaar speel.
Vrydag, 13 Maart 2020 kom hy ons weer besoek tydens ons Gewyde sang periode. Die Grondslagfase wil graag deelneem aan die liefdadigheids projek "KNOCK KNOCK GIVE A SOCK" wat Willie en die Wenspan loods.
Kom ons elkeen ondersteun vrywillig die projek en bring op 13 Maart, 'n paar nuwe sokkies (enige grootte) om te verseker die minderbevoorregte kinders het die winter warm voete.

2. TWEEDE OUERINLIGTINGSAAND GRONDSLAGFASE GR 1-3

Ons doen ‘n beroep op u as ouer om die aande by te woon. Belangrike asook nuwe inligting wat voortbou op die eerste ouerinligtingsaand word met u gedeel.

Gr 1: Woensdag, 18 Maart om 18:00 in u kind se klas.
Gr 2 en 3: Donderdag, 19 Maart om 18:00 in u kind se klas.

3. BOEKBUDDIES GR 1-3

Daar kan nie aan u as ouers genoeg beklemtoon word hoe belangrik dit vir kinders is om te lees nie. Die Grondslagfase probeer alle moontlike maniere om die kinders se belangstelling te prikkel vir hierdie belangrike vaardigheid. Dinsdag, 17 Maart 2020 kom besoek Boekbuddies die leerders. Hulle doen ‘n vertoning oor ‘n paar boeke tot op ‘n punt om die leerders se nuuskierigheid te prikkel en so moedig hul leerders aan om die boek aan te skaf en die hele boek self te lees. Soos altyd sien ons baie uit na die vertoning!

4. VORDERINGSVERSLAE GRONDSLAGFASE GR 1-3

Leerders in die Grondslagfase sal hulle vorderingsverslae op 20 Maart ontvang. U sal elkeen ‘n uitnodiging ontvang van u kind se onderwyseres aan die begin van die tweede kwartaal om die vorderingsverslag te bespreek.

5. INBETALING VAN GELDE

Daar word van tyd tot tyd gelde saam met u kind skool toe gestuur vir fondsinsamelings of projekte. Maak asseblief seker dat u die regte bedrag in ‘n koevert plaas en ook aanteken in u kind se huiswerkboek. Indien u kind bv. R15,00 moet betaal vir iets, moet u asseblief die korrekte bedrag saam stuur. Onderwysers het nie kleingeld tot hulle beskikking nie. Toer en kursusgelde moet asseblief by die finansiële kantoor inbetaal word. Indien u van Internetbetaling gebruik maak moet die bewys van betaling aan die onderwyser gestuur word.

6. PAK TASSE VOLGENS ROOSTER

Ons leerders se tasse word al hoe swaarder en klaswisseling raak al hoe moeiliker. Leerders moet asseblief hulle tasse streng volgens hulle rooster pak.

Daar is ook in sekere vakke waar leerders nie hul handboeke hoef saam te bring nie. Leerders moet asseblief nie tussen die motors beweeg nie aangesien die personeel se karre baie beskadig word as gevolg van leerders se tasse.

7. BUITEMUURSE BETROKKENHEID

Ons doen ’n beroep op u om asseblief u kind te motiveer om aan buitemuurse aktiwiteite deel te neem. Kenners is dit eens dat deelname aan buitemuurse aktiwiteite verskillende vaardighede by ’n kind kweek wat belangrik is vir sy/haar kognitiewe, sosiale en emosionele ontwikkeling. Onthou dat indien ’n leerder ingesluit is in ’n span en hy/sy nie opdaag vir oefeninge nie sal hulle nie toegelaat word om aan die volgende wedstryd deel te neem nie.

8. INSKRYWINGS

Een van die grootste uitdagings in skole is sekerlik dissipline. Die onderrig- en leerproses in Suid-Afrikaanse klaskamers word dikwels negatief beïnvloed deur leerder-wangedrag en dissipline probleme.

Dit blyk dat opvoeders dikwels onseker is oor die toepassing van dissiplinêre maatreëls.

Ons skool het ’n duidelik uiteengesette gedragskode wat leerder en onderwyser verantwoordelikhede saamvat.

Tydens kwartaal 1 word die gedragskode met die leerders bespreek en die leerder en ouer onderteken die gedragskode.

Dankie, dat u as ouers saam met die skool hande vat om goeie reëls en waardes aan ons leerders as grondslag te lê.

9. ATLETIEK

Ons is baie trots op al ons Lardie-atlete se puik vertonings tydens die Distrik Atletiekkampioenskappe. Welgedaan Lardies!

Uitslae

0/10	Mienkie Fourie	Gewigstoot 2e
	Josh Leë	1200m 1e
	Mikayla Nel	Verspring 4e
	Lané vd Westhuizen	1200m 3e
	Livan Richter	Gewigstoot 4e
	Eben Smith	100m 3e, 80m 3e
	Bernard van Wyk	70m Hekkies 4e
0/11	Alexander Griesel	70m Hekkies 2e
	Ruben Louwrens	Verspring 2e
	Ettiene Stiglingh	Hoogspring 2e
	Daniel vd Heever	Gewigstoot 1e
	Liam Schutte	Verspring 3e,100m 5e
0/12	Scarlett Fairbanks	Diskus 1e, Gewigstoot 1e
	Hanno de Klerk	Verspring 2e, 150m, Hekkies 4e
	Gustav Mienie	100m 1e, 150m 1e
	Jean van den Berg	Diskus 1e, Spiesgooi 1e, Gewigstoot 1e (Al 3 items nuwe rekords!!)
	Hendrik du Preez	150m 4e
	Etienne vd Westhuizen	Hoogspring
0/13	Heike de Klerk	100m 1e, Verspring 2e
	Sera J v Rensburg	Spiesgooi 2e
	Danique Müller	200m 1e
	Danré Tustin	200m Hekkies 2e
	Amoré Badenhorst	Verspring 3e

Die 14 atlete wat 1e en 2e plekke behaal het, neem op 13 en 14 Maart deel aan Gauteng Kampioenskappe, waarby die Gauteng span vir SA Kampioenskappe gekies word.

Sterkte Lardie-atlete en afrigters!

10. TENNIS

Baie dankie aan al ons Tennisspelers, personeel en ouers wat ons skool se naam hoog hou tydens Tenniswedstryde.

24 Februarie 2020

Span/	Opponente	Uitslag	Wen/

Ouderdomsgroep				Verloor
Seuns oop	1e	Wierdapark	38/17	Wen
	2e	Maragon	27/28	Verloor
Seuns 0/11	1e	Monumentpark	38/17	Wen
	2e	Tyger Valley	27/28	Verloor
	3e	Midstream Ridge	26/17	Wen
	4e	Constantiapark	21/22	Verloor
	5e	Pta-Oos	25/18	Wen
Dogters Oop	2e	Monumentpark	53/2	Wen
	3e	Wierdapark	9/46	Verloor

11. SKAAK

Tuks Ope Skaaktoernooi plaasgevind op 22 Februarie 2020.

Die volgende spelers het deelgeneem.

Afdeling D	Graad	Resultaat	Prestasie
Anton Beukes	6	2.5/5	eindig 10de
Hadrian Green	4	2/5	eindig 12de
E Afdeling			
Hendre Steyn	3	5/5	wenner
Oban Minny	1	4/5	naaswenner
Eric Beukes	2	2/5	eindig 11de

Dit is belangrik dat skaakspelers getrou oefeninge bywoon.
Geluk aan elke speler wat deelgeneem het aan die toernooi. Ons skool is baie trots op julle uitstekende prestasie!

Skaak: Waterkloof Ope wat op 29 Februarie en 1 Maart plaasgevind het.
Die volgende spelers het deelgeneem:

Afdeling C	Graad	Resultaat	Prestasie
Donovan Grobler	Gr 5	3/5	
Jurgen Lourens	Gr 4	1.5/5	
Afdeling D			
Waldo Trytsman	Toegangsbeheer-beampte	4/5	3de in Afdeling
Chay Karsten	Gr 4	3/5	
MJ Mostert	Gr 5	3/5	
Shalane Gouws	Gr 4	deelgeneem	
Afdeling E			
Jason Kruger	Gr 3	3/5	3de in Afdeling
Daniël Kilian	Gr 3	3/5	7de in Afdeling
Leander J v Rensburg	Gr 3	2/5	

Baie geluk, spelers!

12. RUGBY

Rugby uitslae EP vs Kruinsig op 25 Februarie 2020

0/9A	Wen	15/5
0/9B	Wen	32/0
0/10A	Wen	50/0
0/10B	Wen	44/0
0/11A	Verloor	0/20
0/11B	Wen	36/12
0/13A	Verloor	0/22

0/13B	Verloor	14/15
0/13C	Wen	19/0

Vriendskaplike wedstryde EP vs Helderkruin op 27 Februarie 2020

0/9A	Gelykop	21/21
0/9B	Wen	56/0
0/9C vs CP	Verloor	10/15
0/10A	Wen	15/7
0/10B	Wen	46/5
0/10C vs CP	Wen	20/10
0/11A	Wen	12/0
0/11B	Wen	10/0
0/13A	Wen	28/0
0/13B	Verloor	19/21
0/13C	Wen	22/0
0/13D vs CP	Verloor	5/22

Vriendskaplike wedstryde EP vs Kenmare op 3 Maart 2020

0/9A	Verloor	10/12
0/9B	Verloor	0/22
0/10A	Verloor	19/22
0/10B	Wen	5/0
0/11A	Verloor	8/10
0/11B	Wen	17/5
0/13A	Verloor	7/46
0/13B	Verloor	7/33
0/13C	Verloor	0/26
0/13D	Verloor	7/17

13. MINI-NETBAL

Die Mini Netbal oefeninge is nou vol spoed besig. Ons herinner net die dogters aan hulle oefentye.

Ouderdomsgroep	Tyd	Plek
0/6	Maandae 1:15 tot 14:00	Grasbane
0/7	Dinsdae en Donderdae 14:00 – 15:00	Grasbane
0/8	Dinsdae en Donderdae 14:00 – 15:00	Nuwe grasbane
0/9	Dinsdae en Donderdae 14:00 – 15:00	Weervastebane

Daar sal Dinsdag, 10 Maart 2020 geen oefening wees a.g.v die senior netbal wat tuis speel.

Baie sterkte aan ons 0/9 A en B - oefengroep wat 13 – 15 Maart na Zwartkloof toer. Ons hoop die dogters geniet elke oomblik van die toer!

14. NETBAL

Die Netbal seisoen het afgeskop en ons het alreeds twee vriendskaplike wedstryde gespeel waar dit baie goed gegaan het met ons dogters. Ons het ook ‘n heerlike nat naweek gehad in Krugersdorp by Best of the West. Ons volgende wedstryde vind plaas op Dinsdag, 10 Maart 2020 teen Laerskool Fairland hier by ons skool.

Ons C en D spanne het ook die naweek hulle kursus hier by die skool. Die Kursus word aangebied deur Des Kotze. Die kursus begin Vrydagmiddag om 14:00 tot 17:00 en weer Saterdag om 08:00 tot 12:00. Dogters wat die kursus bywoon moet asb. 'n kospakkie saambring.

Die naweek van 13 tot 15 Maart gaan ons 0/9-0/11 A en B spanne en 0/12 en 0/13 B spanne op 'n netbalkursus na Zwartkloof. Die kursus word aangebied deur Dr Elsje Jordaan. Ons glo ons dogters gaan dit baie geniet en baie leer. Kostes van die kursus beloop R2000 per leerder. Indien u nog vir die kursus moet betaal gebruik asseblief die volgende verwysing: Netbal ouderdomsgroep, voorletter en van bv: **Netbal o/11 S Steyn.**

Hier volg die uitslae van die afgelope vriendskaplike wedstryde:

25 Februarie EP vs Kruinsig

Span	Telling	Uitslag	Span	Telling	Uitslag
o/10 A	30 – 1	Wen	o/12 A	24 – 6	Wen
o/10 B	19 – 0	Wen	o/12 B	10 – 9	Wen
o/10 C	7 – 6	Wen	o/12 C	10 – 4	Wen
o/11 A	23 – 1	Wen	o/13 A	19 – 22	Verloor
o/11 B	8 – 3	Wen	o/13 B	8 – 12	Verloor
o/11 C	17 – 2	Wen	o/13 C	2 – 8	Verloor

27 Februarie EP vs Helderkruin

Span	Telling	Uitslag	Span	Telling	Uitslag
o/10 A	18 – 2	Wen	o/11 C	19 – 1	Wen
o/10 B	12 – 2	Wen	o/11 D	4 – 0	Wen
o/10 C	6 – 0	Wen	o/12 B	14 – 13	Wen
o/10 D	9 – 3	Wen	o/12 C	8 – 11	Verloor
o/11 A	27 – 4	Wen	o/13 B	26 – 7	Wen
o/11 B	8 – 1	Wen	o/13 C	11 – 5	Wen

Baie geluk aan die volgende Netbalspelers wat deurdring na die volgende rondte van die Tshwane Suid D4 proewe.

0/12	0/13
Eleanor van Heerden	Mieke Van Antwerpen
Chané de Mon	Chloe Nel
Miette Fourie	Dominque Bianconi
	Lisa Van Schalkwyk

15. BEHEERLIGGAAM TUSSENVERKIESING 2 MAART 2020

Soos u seker bewus is, het ons op Maandag, 2 Maart 2020 'n Beheerliggaam Tussenverkiesing vergadering gehou. Baie geluk aan Mnr Etienne Stiglingh wat verkies is tot die Beheerliggaam in Mnr Neels Geertsema se plek. Sterkte vir u tydperk as Beheerliggaamlid.

16. TUINPROJEK

Ons opregte dank en waardering vir u positiewe gesindheid t.o.v. die projek in die verlede.

Die tuinbordjies is reeds aan die verskillende grade oorhandig. Elke graad is verantwoordelik vir die opgradering van die gedeelte van die tuin wat aan die spesifieke graadgroep toegewys is.

‘n Vriendelike versoek aan ons ouers wat betrokke is, dat geen plante verwyder mag word alvorens toestemming gevra is nie. Toestemming kan verkry word by Me L van Rooy e-pos evanrooy@lardies.co.za. Enige plante wat aange-plant word, moet inheems wees.

Aangesien ons pragtige skooltuin ń positiewe bydrae maak tot die skool se beeld en verskeie aktiwiteite gedurende die jaar by ons skool aangebied word, weet ons dat ons op u as ouer kan staatmaak.
Die projek word afgehandel op Donderdag, 9 April 2020.

17. OPEDAG

Ons Opedag vir toekomstige Gr. R en Gr. 1 - Lardies van 2021 vind plaas op Saterdag, 18 April 2020 vanaf 08:00-11:00. Kom besoek ons gerus vir meer inligting.

18. D6 Connect Toep Aflaai

Goeie kommunikasie met u as ouer van Laerskool Elarduspark is vir ons 'n prioriteit. Daar is heelwat ouers wat nog nie geregistreer het vir die D6 Connect Toep nie. Ons versoek ons ouers om asseblief die toep af te laai om goeie kommunikasie te verseker. Besoek die onderstaande skakels vir verdere instruksies om die toepassing te begin gebruik.

Vir Android selfone:
https://play.google.com/store/apps/details?id=com.limitlessvirtual.principalplus
Vir iPhone selfone:
https://itunes.apple.com/za/app/principal-talk+/id1133074303
Alternatief kan u in die Google Play Store of die App Store soek vir die “D6 Connect App”

Neem asseblief kennis dat die toepassing slegs ‘n mobile toepassing is en dat dit nog nie op u rekenaar geïnstalleer kan word nie. Daar word steeds gebruik gemaak van die D6 Kommunikeerder as die “desktop app”.
Vir enige navrae verwys asseblief na die help funksie op die toepassing onder “settings”.

19. Super Spar Moreleta (Moreleta Square Winkelsentrum)

Ouers u sal ‘n houer sien wat Laerskool Elarduspark se skoolwapen op het, plaas asseblief u aankoop strokie in die houer.

Ons skool ontvang dan aan die einde van elke maand ‘n persentasie terug van al ons ouers se aankope. Die fondse word aangewend om weer aankope vir ons leerders en ouers in nood te doen.

Baie dankie vir ons Lardie ouers se ondersteuning en samewerking.

20. SKOOL SLUIT

Die skool sluit Vrydag, 20 Maart om 10:00.

Vriendelike groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF